

PETISIE TER ONDERSTEUNING VAN DIE HERNUWING VAN DIE HUURKONTRAK




Gedeelte van Alicestraat, Swellendam

Ons, die ondergetekendes, is inwoners van die omliggende area of persone wat gereeld van die toegangspad en omliggende grond gebruik maak. Ons bevestig hiermee dat die huidige gebruik van die munisipale grond deur die Sneeuwal Trust **geen negatiewe impak** op ons het nie en dat dit die area op verskeie maniere verbeter het.

Ons bevestig die volgende:

1. Ons **steun die voortsetting en hernuwing** van die bestaande huurooreenkoms tussen die Swellendam Munisipaliteit en die Sneeuwal Trust.
2. Die heining wat deur die Trust opgerig is, **versper nie toegang tot enige persoon se eiendom nie**, en die Trust **weier niemand toegang** tot die munisipale grond nie.
3. Die Trust het op eie koste **omvattende ontbossing** gedoen, wat die **brandgevaar in die area aansienlik verlaag** het en die veiligheid vir omliggende eiendomme verbeter het.
4. Die Trust het 'n **tuin en landskapverbeterings** aangebring wat die **aansig, netheid en algemene voorkoms** van die area merkbaar verbeter het.
5. Die Trust het die area **schoongemaak van informele skuilings** wat voorheen daar opgerig was, wat die **veiligheid, netheid en openbare orde** in die omgewing verder verbeter het. Sedert hierdie ingryping is daar **geen nuwe onwettige skuilings** in die area opgerig nie.
6. Die toegangspad wat deur die Trust gebou en onderhou word, word deur verskeie inwoners **gereeld gebruik** en is in 'n goeie en veilige toestand.
7. Ons is **nie bewus van enige rede** waarom die huidige gebruik van die grond verander of beëindig moet word nie.

Ons versoek dat die Swellendam Munisipaliteit die huurooreenkoms **sonder onderbreking hernu**, in die belang van stabiliteit, veiligheid en die voortgesette verbetering van die area.

Naam en Van:	Adres:	Hantekening:	Datum:
Jenkins Kroon	Inwoner 18-20 Alice St.		28 Feb '26
Lariez Kroon	Inwoner 18-20 Alice St.		28 Feb '26
Margra Kroon	Inwoner 18-20 Alice St.		28 Feb '26
J.S. Theunissen	3 Andrew Whyte		28 Feb 26
M Theunissen	3 Andrew Whyte		28 Feb 26
D.F. SPÖHR	8 ALICE STREET		28/02/26
L.J. SPÖHR	8 Alice Street		28/02/26
M. Gurnard	11 Alice Street		28/02/26

[illegible]

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS

OOREENKOMS VIR DIE HUUR VAN EIENDOM AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

SWELLENDAM MUNISIPALITEIT

Hierin verteenwoordig deur **ANNELEEN VORSTER as Munisipale Bestuurder** en
behoorlik daartoe gemagtig

(hierna die Verhuurder genoem) aan die een kant

en

SNEEUBAL TRUST

Verteenwoordig deur **JAMES JENKINS KROON** in sy

hoedanigheid as **DIREKTEUR**

Identiteitsnommer / Registrasienommer 8103025116082 / IT13217/07

(hierna die Huurder genoem) aan die ander kant

NADEMAAL die Huurder en die Verhuurder ooreengekom het vir die huur van 'n gedeelte van Alice straat (558.53 vierkante meter) in Swellendam, (hierna genoem die eiendom), soos aangedui op die aangehegte liggingsplan, vir die doel om dit aan te wend as 'n toegangspad na Erwe 9510 en 9511, ooreenstemmend met die voorwaardes en inhoud van hierdie ooreenkoms.

EN NADEMAAL die Verhuurder toegestem het om die eiendom met verbeterings aan die Huurder te verhuur, ingevolge die voorwaardes vervat in hierdie ooreenkoms en die toepaslike soneringsregulasies.

NOU DERHALWE WORD HIERMEE GETUIG dat die Verhuurder, hiermee die eiendom verhuur en die Huurder hiermee die eiendom huur, op die volgende voorwaardes:

1. Die huurtermyn begin op **1 Julie 2023** en sal duur vir 'n periode van drie (3) jaar, tot **30 Junie 2026**. Enige van die partye kan die ooreenkoms beëindig deur een (1) kalendermaand skriftelik kennis aan die ander party te gee, welke kennisgewing die ander party moet bereik nie later as die, laaste dag van die maand wat die kennisgewingtydperk voorafgaan nie.
2. Die Huurder sal aan die Verhuurder 'n huurbedrag van **R1 094.72 per jaar (plus BTW)**, betaal, welke bedrag vooruit betaalbaar sal wees by die kantoor van die Direkteur: Finansies. (**R1.96 per vierkante meter, sonder BTW**)
3. Hierdie huur sal in alle opsigte onderhewig wees aan die bepalings van Munisipale wetgewing, asook regulasies en verordeninge wat op die eiendom van toepassing mag wees.
4. Hierdie huur sal onderworpe wees aan alle beswarings, regte, serwitute en voorwaardes, indien enige, wat bindend op die Verhuurder is ten opsigte van die betrokke eiendom.

K.u.
Kroon
der
Jen

5. Die Huurder sal nie sy / haar regte in terme van hierdie ooreenkoms sedeer of oormak nie, of 'n gedeelte van of die betrokke eiendom onderverhuur nie.
6. Die Huurder sal nie enige geboue en / of strukture van enige aard op die eiendom oprig, of laat oprig nie, of enige veranderings aanbring aan die bestaande gebou nie, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Verhuurder of ingevolge die bepalings van hierdie ooreenkoms nie.
7. Geen bome wat op die eiendom groei sal afgekap of mee ingemeng word nie sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Verhuurder. Die Huurder sal egter verantwoordelik wees vir die uitroei en vernietiging van verklaarde pesplante, -struie en -bome. Indien die Huurder in gebreke bly om pesplante uit te roei, sal die Verhuurder geregtig wees om die pesplante uit te roei en die koste daaraan verbonde van die die Verhuurder te verhaal.
8. Die Huurder sal nie enige grond, klei, gruis, sand of ander materiaal op, of onder die oppervlakte van die grond verwyder, of laat verwyder, of toelaat dat dit verwyder word nie, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Verhuurder.
9. Die Huurder onderneem om verantwoordelikheid te neem vir die koste van die advertensie, waardebepalings en die koste van die opstel van die ooreenkoms (soos toepaslik).
10. Die Huurder onderneem om verantwoordelikheid te neem vir die kostes van die heining en die instandhouding van die eiendom.
11. Die Huurder sal nie geregtig wees op enige vergoeding hoegenaamd ten opsigte van enige verbeterings wat gedurende die huurooreenkoms op die eiendom aangebring is nie.
12. Die Huurder onderneem hierby om die Verhuurder te vrywaar en gevrywaar te hou teen alle gedinge, stappe, eise of vorderings, koste, skadevergoeding en uitgawes wat gehef, gebring of gemaak mag word teen die Verhuurder, of wat die Verhuurder mag betaal, opdoen of aangaan as gevolg van enige nalatige handeling aan die kant van die Huurder, sy werknemers of persone wat onder sy beheer handel.
13. Die Huurder benoem hierby onherroeplik vir alle doeleindes van en in verband met

hierdie huur, **18 Alice Straat, Swellendam**

.....
om die **domicillium citandi et executandi** van die huurder te wees en die bediening van enige kennisgewings of enige gedinge, op genoemde plek gerig aan die Huurder, sal beskou word as voldoende gedien te gewees het op die Huurder. Die domicilium van die Verhuurder word geag te wees, die **Swellendam Munisipale Kantore, Voortrekstraat 49, Swellendam.**

14. Enige regsdinge teen die Huurder mag na gelang die keuse van die Verhuurder, aanhangig gemaak en gevoer word in die landdroshof te Swellendam en toestemming tot enige vermeende jurisdiksie benodig vir daardie doel, word hierby deur die Huurder verleen.

Q Q Kroon
K.U. JOH

15. Nieteenstaande enige bepaling in hierdie ooreenkoms vervat, mag die Verhuurder herbesit neem van die hele, of enige gedeelte van die eiendom te eniger tyd nadat een (1) maand skriftelike kennisgewing te dien effekte gegee is, indien dit benodig word vir enige essensiële Munisipale- of regeringsdoeleindes en mag die huur diensooreenkomstig gekanselleer of gewysig word. Ingeval slegs 'n gedeelte van die eiendom in herbesit geneem word, sal die huur verminder word op 'n pro rata basis in verhouding tot die oppervlakte van die herneemde gedeelte en die oppervlakte van die verhuurde eiendom.
16. Die Huurder sal ten alle tye verantwoordelik wees vir die bewaring van goeie orde, gedrag of beheer op die eiendom en sal nie toelaat dat dit benut of gebruik word deur ongemagtige persone nie, of vir ander doeleindes as wat dit beskikbaar gestel is vir verhuring nie.
17. Die Huurder onderneem om te alle tye die eiendom, omheinings en strukture daarop, tot bevrediging van die Verhuurder in stand te hou en slegs aan te wend vir die doel van die huur.
18. Die Verhuurder mag te enige tyd, by wyse van behoorlik gemagtigde beamptes, die eiendom betree en dit ondersoek en opnames maak van alle gebreke of sake wat herstel vereis waarvoor die Huurder kontraktueel verantwoordelik is. Binne sewe dae na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die Verhuurder, waarin versoek word dat die herstel van gebreke plaasvind, moet die Huurder alle gebreke of sake wat herstel vereis, herstel en indien die Huurder versuim om dit te doen, mag die Verhuurder die eiendom, geboue en struktuur betree en sodanige gebreke herstel en herstelwerke uitvoer, en die koste van die Huurder verhaal.
19. Die Verhuurder behou die reg voor van vrye toegang tot die eiendom, deur gemagtigde beamptes in diens van die Verhuurder en wat behoorlik geïdentifiseer sal wees, soos as wat nodig mag wees, sonder kennisgewing, vir die doeleindes van inspeksie, instandhouding, hernuwing, skoonmaak, herstel en herbou van, of in verband met vuil dreineringswerke, waterpype, vloedwatervore, elektriese kables, of enige sodanige of ander Munisipale dienste wat die Verhuurder in die toekoms in of oor die eiendom mag lê en die Verhuurder behou die reg voor om sodanige dienste met kennisgewing daar te stel.
20. Die Huurder sal nie oor sodanige dienste bou of dit verander of op enige wyse versteur nie, tensy met die uitdruklike skriftelike toestemming van die Verhuurder ten opsigte van die betrokke diens en met behoorlike voldoening aan enige uitdruklike voorsorgmaatreëls. Indien enige werk wat instandhouding, opruiming, konstruksie, rekonstruksie of herstel meebring, nodig word, moet die Verhuurder tydens die uitvoer van sodanige werk so min moontlike ongerief aan die Huurder veroorsaak, inagnemende die aard van die werk. Die Verhuurder sal die versteurde grond so na aan die oorspronklike toestand as redelik moontlik herstel, met dien verstande dat die Verhuurder nie aanspreeklik sal wees vir enige toevallig skade, wat veroorsaak mag word deur die Verhuurder, tydens genoemde werke nie.
21. Die Huurder onderneem om die elektrisiteits- en waterdienste benodig vir die doel waarvoor die eiendom gebruik gaan word, te bekom by wyse van gemeterde gebruik van die betrokke plaaslike verskaffer, ooreenkomstig die

Kroon
 OKT
 K.U.
 Jon

betrokke Munisipale en / of ander regulasies. Die Huurder sal verantwoordelik wees vir die betaling van alle dienste gelewer aan die perseel.

22. Die Huurder sal by die beëindiging van hierdie huur, die eiendom, in 'n bevredigende toestand aan die Verhuurder terugoorhandig en die nodige herstelwerke aanbring, om die perseel, omheining en / of verbeterings, in die toestand soos oorspronklik ontvang te laat of dan soos ooreengekom met die Verhuurder.
23. Die Huurder sal verantwoordelik wees vir die instandhouding en herstel van die eiendom.
24. Die Huurder is verantwoordelik om die geboue/strukture op die eiendom en die inhoud van geboue/strukture, te verseker teen skade.
25. Die Huurder onderneem om 'n geskikte toegangspad, volgens die vereistes van die Direkteur: Infrastruktuurdienste, op sy eie koste, binne ses (6) maand vanaf ondertekening van hierdie ooreenkoms te bou, vir voldoende toegang na sy erwe 9510 en 9511 in Swellendam.
26. Die Huurder kom ooreen met die Verhuurder dat die Huurder die huurgeld, soos hierbo gemeld, sal betaal en die Huurder onderneem om getrou elke voorwaarde van hierdie ooreenkoms na te kom en uit te voer. Ingeval die huurgeld nie binne 7 (sewe) dae vanaf datum waarop dit verskuldig word betaal is nie, of die eiendom, omheining en verbeterings nie in 'n behoorlike toestand van herstel gehou word nie, of in geval enigeen of meer, of al die voorwaardes van hierdie ooreenkoms nie tydig en behoorlik nagekom en uitgevoer word, ooreenkomstig die ware doel en betekenis daarvan nie, sal die Verhuurder geregtig wees om die huurkontrak summier te kanselleer en nietig te laat verklaar en om die eiendom en enige verbeterings daarop te betree, vir die onmiddellike besitname daarvan, sonder betaling van enige vergoeding vir enige verbeterings aangebring deur die Huurder, en sonder benadeling van die Verhuurder se reg om enige verskuldigde gelde in te vorder en om van die Huurder sodanige bedrag ten opsigte van verlies of skade wat gelyk mag gewees het, of uitgawes, wat die Verhuurder sal moet aangaan as gevolg van die versuim van die Huurder om die voorwaardes van die ooreenkoms na te kom, te verhaal.
27. Die Huurder is verantwoordelik vir die betaling van Munisipale aansluitingsfooie, dienstegeelde en enige ander gelde wat in terme van enige regsbeplanning op die eiendom gehef mag word.
28. Die Huurder sal vir die duur van die ooreenkoms en voordat okkupasie van die perseel geneem, voldoen aan al die wetgewing wat op die beoogde gebruik van toepassing is en alle geskikheidsertifikaat, permitte en/of lisensies daarvoor benodig, bekom en in standhou.
29. Hierdie ooreenkoms bevat die hele ooreenkoms tussen die partye en geen wysigings of variasie van hierdie ooreenkoms sal geldig wees tensy dit in skrif gestel word en onderteken is deur beide die behoorlike gemagtigde verteenwoordigers van beide partye.

Geteken te SWELLENDAM op 17 Julie 2023 2023

AS GETUIES:


 K. Kroon
 C. K. K.
 K. K. K.

1. Assey

2. Kup


.....
MUNISIPALE BESTUURDER

Getekend te Swellendam op 3 Julie 2023

AS GETUIES:

GEIGIES: Green

1.

2.


.....
HUURDER